Vrede ...

'n aktuele Kerswoord

Geen woord uit die Kersevangelie is aan die einde van 2011 so aktueel nie soos die woord uit die engelesang: *Vrede op aarde*. Wat kan tans van die hele wêreld gesê word? Daar word gelewe onder die dreiging van oorloë, opstande, revolusies, terrorisme, volksmoord, bewapening, gevegte.

In Suid-Afrika is die lewe 'n dampkring van moord, verkragting, diefstal, korrupsie, stakings, kapings ... Miljoene mense dwarsoor die wêreld en nader aan huis, elke inwoner van die mooi land Suid-Afrika vra om *vrede ... rus en vrede*. Wat is meer aktueel as die vrede waarna gesmag word?

Vrede kom van Bo

Een ding is baie seker en dit is dat vrede nie gaan kom as resultaat van menslike inspanning, kongresse, vergaderings en vredesonderhandelinge nie. Vrede kom van *Bó*! Vrede is 'n gawe van God en 'n blye resultaat van Christus se oorwinning. Die koms van Christus maak dit moontlik dat daar vrede op aarde kan kom.

Dit is tog waarvan die engele gesing het: "Vrede op aarde." Jesus Christus het die skuld vir die sonde aan die kruis betaal.

Vanaf die kruis, opstanding en hemelvaart leef die Christelike Kerk in die afwagting van die wederkoms. Die kruisdood beteken dat die skuld op die sonde vereffen is (Kol. 2:14). Die opstanding van Christus beteken sy oorwinning oor die magte van die Bose (Kol. 2:12-13). Hy het oor die kruis en graf getriomfeer en alle mag op die aarde en in die hemel behoort aan Hom (Matt. 28:18). Hy is die Here van die heersers en die Koning van die konings (Openb. 14:12).

Van Hom skryf Jesaja: "Sy heerskappy sal uitbrei en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring" (Jes. 9:6). Christus is Koning van die ewige vrederyk wat eens die wêreld sal vul. Hý stig die koninkryk van ewige vrede. Hy sê: "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie" (Joh. 14:27).

Vrede met 'n hand vol wapens

Die wêreld kan nie ware vrede gee nie. Wêreldse vrede is nie egte vrede nie. Wêreldse vrede is vol onsekerheid en teenstellings, vol sonde en ongeregtigheid, baie keer vals en net 'n gerieflike dekmantel. Ten spyte van wêreldse vrede word daar volhard om in oorlog, stryd en woede te lewe.

Wêreldleiers maak vrede met die regterhand en in die linkerhand hou hulle die wapen agter die rug. Dit loop uit op vrees en angs. Dit is wanneer daar vrede gemaak word omdat die een vir die ander bang is oor die wapens agter sy rug.

Ware vrede

Christus skenk die ware vrede. Die vrede wat Christus gee, is vrede waarin die teenstellings van liefde en haat, vertroue en wantroue, eerlikheid en oneerlikheid opgehef is. Dit gaan van die beginsel uit: *vrede met God*. Dit is waarheen die Woord van God ons oë rig. Daar is die vooruitsig dat die vrede eenmaal sal heers.

Waar die liefde van Christus beoefen word, is die vrederyk reeds. Eens sal dié vrede die wêreld vul, dit is wanneer van die swaarde ploegskare gemaak word en van die spiese snoeiskêre (Jes. 2:4). Volke sal nie meer teen mekaar oorlog voer nie.

Aan die einde van 2011

As ons aan die einde van 2011 rondom ons kyk na die situasie tussen volke en tussen mense, is dit duidelik dat daar nog nie tot op die punt van vrede gevorder is nie. Rondom ons woed 'n bewapeningswedloop en nie bewapeningsafskaffing nie. Ons word bedreig deur die vuur van haat en nie

die sagte kalmte van vrede en medemenslike liefde nie. Waarna ons streef, is die koninkryk van God wat op geregtigheid gebou is. Dít is ten diepste die oorsaak dat daar in die wêreld geen vrede is nie. Daar is geen *reg* en *geregtigheid* nie.

- *Reg* is in die Skrif die deur God geopenbaarde wil vir die lewe (Deut. 29:29). Wanneer sal die menslike reg inderdaad reg wees? Wanneer dit met die goddelike reg ooreenstem.
- *Geregtigheid* is die subjektiewe beantwoording aan en die handhawing van die goddelike reg deur die mens.

Ons beleef daagliks die gruwelike verwerping en die oortreding van God se reg. Dán kan daar nooit vrede wees nie. Christus het aan die reg van God volkome voldoen. Hy het die wet van die Vader vervul en was gehoorsaam tot die dood aan die kruis. Hy het geregtigheid beoefen. Daarin lê die diepste grond vir die vrede wat Hy verwerf het.

Bly-Moedig
(Reg. No. 2004/127850/23)
Sedert 1978 Since 1978
Psigo-Geriatriese Kliniek
Psycho-Geriatric Clinic

Ons spesialiseer in die langtermyn versorging van:

- Alzheimer-tipe dimensie
- Beroerte
- Skisofrenie
- Depressie
- Huntington's Corea
- Breinskade na bv. motorvoertuigongeluk
- Downsindroom en ander gestremdes

Landelike ongewing met plaasdiere
24-uur professionele verpleegsorg
Aktiwiteite op 'n een-tot-een basis
Besoekende psigiater, dokter, fisioterapeut
Besoekende predikant en kerkdienste
Haarsalon

Skakel sr. Magda Botha vir meer inligting by:
Tel: 087 720 0638 / 087 720 0531 • Faks: 086 623 0867
Webadres: www.blymoedig.co.za
E-pos: info@blymoedig.co.za

In die wêreld rondom ons

Wat ons in die wêreld rondom ons sien, is sonde. Daarom moet gelowiges in hulle Kersvieringe opnuut vir God vra: "Wat moet ons doen?" Dit was die vraag van die ryk jongman aan Jesus (Mark. 10:17). Dit is ook wat die mense vir Johannes die Doper gevra het (Luk. 3:10). Dieselfde vraag vra die wetgeleerde vir Jesus (Luk. 10:25). Net na die Heilige Gees uitgestort is, vra die mense vir Petrus wat hulle moet doen (Hand. 2:37). Op die pad na Damaskus vra Paulus vir die Here: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Hand. 9:6). God antwoord ons uit sy Woord! Die ware vrede is gefundeer op reg en geregtigheid. Dit is wat ons moet doen.

Hoe doen 'n mens die reg en geregtigheid? Paulus sê hoe: "Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is en stel elke deel van jullle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil" (Rom. 6:13).

So kyk ons met Kersfees 2011 verder as die einde van die jaar. Ons kyk veel verder as enige ander jaar. Ons kyk na die toekoms van God en ons hoor die stem van ons Here Jesus met Kersfees: "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (Matt. 5:9).

'n Geseënde Kersfees toegewens! CNM